# EK WAS EENSAAM EN VERLAAT

**Em B$^7$**
1. Ek was eensaam en verlaat

**C B$^7$**
al was mense rondom my.

**Em B$^7$**
Daar was niemand wat my verstaan,

**C D$^7$**
maar U Woord kom toe helder na my:

**G C**
***Koor*** *Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is,*

**D G D**
*Kom na My toe, Ek gee rus.*

**G C D**
*Toe ek opstaan en nog verward my hand in Syne lê,*

**G D$^7$ G C G**
*kry die lewe sin en vind ek rus in Hom.*

**Em B$^7$**
2. Maar die twyfel kom toe weer:

**C B$^7$**
Is ek Jahweh’s kind of nie?

**Em B$^7$**
Maar Sy woorde kom helder deur:

**C D$^7$**
“Uit My hande ruk niemand jou nie!”

**Em B$^7$**
3. Nie meer eensaam en verlaat!

**C B$^7$**
En my hart is nie meer leeg,

**Em B$^7$**
want U juk, Jahweh, is sag;

**C D$^7$**
en U las is ‘n vreugde, so lig!

**Lied 393, bl. 174**